*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

**BUITENGEWONE** **EXTRAORDINARY**

# Staatskoerant

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# Government Gazette

## THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**[Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.]** **[Registered at the General Post Office as a Newspaper.]**

VOL. III.] **PRYS 5c** KAAPSTAD, 23 MAART 1962. CAPE TOWN, 23RD MARCH, 1962. **PRICE 5c** [No. 205.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 464.] [23 Maart 1962.

Hierby word bekend gemaak dat die Wysigingswet op Registrasie van Stamboekvee, 1962, per abuis, in plaas van die Wet op Ongemagtigde Uitgawes (1960–'61), 1962, op bladsye 60 en 61 van die *Buitengewone Staatskoerant* No. 202 van 16 Maart 1962, as Wet No. 26 van 1962 gepubliseer is.

Die Wet op Ongemagtigde Uitgawes (1960–'61), 1962 (Wet 26 van 1962) sowel as die onderstaande Wette waaraan die Staatspresident sy goedkeuring geheg het, word hierby ter algemene inligting gepubliseer:—

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| No. 27 van 1962: | Wysigingswet op Registrasie van Stamboekvee, 1962 .. .. | 4 |
| No. 28 van 1962: | Wet op Provinsiale Uitvoerende Komitees, 1962 .. .. .. .. | 8 |
| No. 29 van 1962: | Private Wysigingswet op die Private Wet op die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1962 .. .. | 6 |
| No. 30 van 1962: | Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1962 .. | 10 |

Die afkondiging in *Buitengewone Staatskoerant* No. 202 van 16 Maart 1962 van die Wysigingswet op die Registrasie van Stamboekvee, 1962, as Wet 26 van 1962, word hierby ingetrek.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 464.] [23rd March, 1962.

It is hereby notified that the Registration of Pedigree Livestock Amendment Act, 1962, was erroneously published on pages 60 and 61 of *Government Gazette Extraordinary* No. 202 of 16 March, 1962, as Act No. 26 of 1962, instead of the Unauthorised Expenditure (1960–'61) Act, 1962.

The Unauthorised Expenditure (1960–'61) Act, 1962 (Act 26 of 1962), as well as the following Acts assented to by the State President, are hereby published for general information:—

| | | PAGE |
|---|---|---|
| No. 27 of 1962: | Registration of Pedigree Livestock Amendment Act, 1962 .. .. | 5 |
| No. 28 of 1962: | Provincial Executive Committees Act, 1962 .. .. .. .. | 9 |
| No. 29 of 1962: | University of the Orange Free State (Private) Act Amendment (Private) Act, 1962 .. .. .. .. | 7 |
| No. 30 of 1962: | Public Accountants' and Auditors' Amendment Act, 1962 .. .. | 11 |

The publication of the Registration of Pedigree Livestock Amendment Act, 1962, as Act 26 of 1962, in *Government Gazette Extraordinary* No. 202 of 16 March, 1962, is hereby withdrawn.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 26, 1962.]

# WET

**Tot aanwending van 'n verdere som vir die diens van die Republiek vir die boekjaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1961 geëindig het, tot bestryding en dekking van sekere ongemagtigde uitgawes.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 9 Maart 1962.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Gekonsolideerde Inkomstefonds belas met R69,258.65.

**1.** Die Gekonsolideerde Inkomstefonds van die Republiek word hierby belas met die som van nege-en-sestigduisend tweehonderd agt-en-vyftig rand vyf-en-sestig sent tot dekking van sekere uitgawes bo en behalwe die bedrae beskikbaar gestel vir die diens van die Republiek vir die boekjaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1961 geëindig het. Hierdie uitgawes word uiteengesit in die Bylae by hierdie Wet en word nader omskryf op bladsye 8 tot 11 van die (aan die Parlement voorgelegde) Verslag van die Kontroleur en Ouditeur-generaal oor die rekenings vir voormelde boekjaar en in die Eerste Verslag van die Gekose Komitee oor Openbare Rekenings, 1962.

Kort titel.

**2.** Hierdie Wet heet die Wet op Ongemagtigde Uitgawes (1960-'61), 1962.

**Bylae.**

| No. van Begrotingspos. | Titel van Begrotingspos. | Bedrag. |
|---|---|---|
| | *(Op Inkomsterekening.)* | R |
| 8 | Bosbou | 4,215.52 |
| 24 | Vervoer | 11,439.53 |
| | | 15,655.05 |
| | *(Op Leningsrekening.)* | |
| E | Waterwese | 2,089.87 |
| L | Vervoer | 11,760.20 |
| Q | Bantoe-onderwys | 39,753.53 |
| | | 53,603.60 |
| | Totaal | R 69,258.65 |

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 26, 1962.]

# ACT

**To apply a further sum of money towards the service of the Republic for the financial year ended on the thirty-first day of March, 1961, for the purpose of meeting and covering certain unauthorised expenditure.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 9th March,* 1962.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

**Consolidated Revenue Fund charged with R69,258.65.**

**1.** The Consolidated Revenue Fund of the Republic is hereby charged with the sum of sixty-nine thousand two hundred and fifty-eight rand and sixty-five cents to meet certain expenditure over and above the amounts appropriated for the service of the Republic for the financial year which ended on the thirty-first day of March, 1961. Such expenditure is set forth in the Schedule to this Act and is more particularly specified on pages 8 to 11 of the Report (which has been submitted to Parliament) of the Controller and Auditor-General on the accounts for the said financial year and in the First Report of the Select Committee on Public Accounts, 1962.

**Short title.**

**2.** This Act shall be known as the Unauthorised Expenditure (1960-'61) Act, 1962.

**Schedule.**

| No. of Vote. | Title of Vote. | Amount. |
|---|---|---|
| | (*On Revenue Account.*) | |
| | | R |
| 8 | Forestry .. .. .. .. .. | 4,215.52 |
| 24 | Transport .. .. .. .. .. | 11,439.53 |
| | | 15,655.05 |
| | (*On Loan Account.*) | |
| E | Water Affairs .. .. .. .. | 2,089.87 |
| L | Transport .. .. .. .. .. | 11,760.20 |
| Q | Bantu Education .. .. .. .. | 39,753.53 |
| | | 53,603.60 |
| | Total .. .. .. .. | R 69,258.65 |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 27, 1962.]

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Registrasie van Stamboekvee, 1957.**

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 13 *Maart* 1962.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 28 van 1957.**

**1.** Artikel *een* van die Wet op Registrasie van Stamboekvee, 1957 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(*a*) deur die omskrywing van „Minister" deur die volgende omskrywing te vervang:
„ ‚Minister' die Minister van Landbou-tegniese Dienste;";

(*b*) deur in die omskrywing van „plaasvee" die woord „renperde" deur die woord „Volbloedperde" te vervang;

(*c*) deur na die omskrywing van „plaasvee" die volgende omskrywing in te voeg:
„ ‚rasegte vee' plaasvee wat aan 'n bepaalde veeras behoort en die fenotipiese eienskappe van daardie ras besit;"; en

(*d*) deur die volgende sub-artikels daarby te voeg, terwyl die bestaande artikel sub-artikel (1) word:
„(2) Plaasvee word geag aan 'n bepaalde ras te behoort ook as dit geteel is deur 'n proses van opgradering met rasegte vaars van daardie ras vir minstens ses geslagte.
(3) Geen nuut geteelde ras van plaasvee word as 'n ras vir die doeleindes van hierdie Wet erken nie tensy—
(*a*) dit vir minstens ses geslagte as 'n geslote groep geteel is; en
(*b*) dit met die goedkeuring van die Minister deur die vereniging erken is.".

**Wysiging van artikel 2 van Wet 28 van 1957.**

**2.** Artikel *twee* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in die Afrikaanse teks van sub-artikel (1) die woord „rasvee" oral waar dit voorkom deur die woorde „rasegte vee" te vervang.

**Wysiging van artikel 4 van Wet 28 van 1957.**

**3.** Artikel *vier* van die Hoofwet word hierby gewysig deur aan die end van sub-artikel (1) die woorde „of deur in enige ander hoedanigheid as die van afslaer as sy agent op te tree" by te voeg.

**Wysiging van artikel 8 van Wet 28 van 1957.**

**4.** Artikel *agt* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur paragraaf (*a*) deur die volgende paragraaf te vervang:
„(*a*) om die afstamming van rasegte vee wat in die Republiek geteel of daarin ingevoer is en van rasegte vee wat in 'n gebied geteel of ingevoer is wat aan die Republiek of die gebied van Suidwes-Afrika grens en deur die vereniging met goedkeuring van die Minister bepaal is, te registreer;"; en

(*b*) deur in paragraaf (*b*) die woord „Unie" deur die woord „Republiek" te vervang.

**Wysiging van artikel 12 van Wet 28 van 1957.**

**5.** Artikel *twaalf* van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woord „Unie" deur die woord „Republiek" te vervang.

**Kort titel.**

**6.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Registrasie van Stamboekvee, 1962.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 27, 1962.]

# ACT

**To amend the Registration of Pedigree Livestock Act, 1957.**

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 13th March* 1962.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 28 of 1957.**

**1.** Section *one* of the Registration of Pedigree Livestock Act, 1957 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the substitution in the definition of "farm livestock" for the words "thoroughbred horses" of the word "Thoroughbreds";

(*b*) by the substitution for the definition of "Minister" of the following definition:
"'Minister' means the Minister of Agricultural Technical Services;";

(*c*) by the insertion after the definition of "Minister" of the following definition:
"'pure-bred livestock' means farm livestock which belongs to and possesses the phenotypical characteristics of a particular breed of livestock;"; and

(*d*) by the addition thereto of the following sub-sections, the existing section becoming sub-section (1):
"(2) Any farm livestock shall be regarded as belonging to a particular breed also if it has been bred by a process of upgrading with pure-bred sires of that breed for at least six generations.
(3) No newly-evolved breed of farm livestock shall be recognized as a breed for the purposes of this Act, unless—
(*a*) it has been bred as a closed group for at least six generations; and
(*b*) it has, with the approval of the Minister, been recognized by the association.".

**Amendment of section 2 of Act 28 of 1957.**

**2.** Section *two* of the principal Act is hereby amended by the substitution in the Afrikaans version of sub-section (1) for the word "rasvee" wherever it occurs of the words "rasegte vee".

**Amendment of section 4 of Act 28 of 1957.**

**3.** Section *four* of the principal Act is hereby amended by the addition at the end of sub-section (1) of the words "or by acting as his agent in any capacity other than that of auctioneer".

**Amendment of section 8 of Act 28 of 1957.**

**4.** Section *eight* of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for paragraph (*a*) of the following paragraph:
"(*a*) to register pedigrees of pure-bred livestock bred in or imported into the Republic and pure-bred livestock bred in or imported into any territory bordering on the Republic or on the territory of South West Africa and determined by the association with the approval of the Minister;"; and

(*b*) by the substitution in paragraph (*b*) for the word "Union" of the word "Republic".

**Amendment of section 12 of Act 28 of 1957.**

**5.** Section *twelve* of the principal Act is hereby amended by the substitution for the word "Union" of the word "Republic".

**Short title.**

**6.** This Act shall be called the Registration of Pedigree Livestock Amendment Act, 1962.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 29, 1962.]

# PRIVATE WET

**Tot wysiging van die Private Wet op die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1949.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 13 *Maart* 1962.)

**Aanhef.**

NADEMAAL die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (hierna die Universiteit genoem) as regspersoon erken is deur die Private Wet op die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1949 (Wet No. 21 van 1949), welke Wet gewysig is deur die Wet op Universiteite, 1955 (Wet No. 61 van 1955), en die Wysigingswet op die Private Wet op die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1959 (Wet No. 36 van 1959), (welke Wet No. 21 van 1949, soos gewysig, hieronder die Hoofwet genoem word):

EN NADEMAAL dit vir beter administrasie en bestuur van die Universiteit wenslik is om die Hoofwet te wysig:—

(*a*) om te bepaal dat daar twee persone (van wie een 'n senior lektor moet wees) in die Senaat van die Universiteit moet wees wat lede is van, en volgens voorskrif van die statute gekies word deur, die voltydse doserende personeel wat goedgekeurde pensioendraende poste beklee en wat nie professore is nie;

(*b*) om voorsiening te maak vir die instelling van fakulteite van lettere en wysbegeerte, sosiale wetenskappe, natuurwetenskappe, opvoedkunde, regsgeleerdheid, ekonomiese en administratiewe wetenskappe, landbou, en sodanige ander fakulteite of departemente as wat die Raad met die goedkeuring van die Minister bepaal;

(*c*) om te bepaal dat die Raad na oorleg met die Senaat 'n fakulteit of departement kan afskaf;

(*d*) om te bepaal dat die doserende personeel deur die Raad na oorleg met die Senaat of 'n komitee daarvan aangestel word;

(*e*) om te bepaal dat 'n graad *honoris causa* sonder eksamen slegs op aanbeveling van die Senaat toegeken word; en

(*f*) om voorsiening te maak vir die wysiging van artikel *drie-en-dertig* van die Hoofwet deur in die Afrikaanse teks daarvan die woord „daaroor" te vervang deur die woord „oor":

WORD DAAR DERHALWE BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 8 van Wet 21 van 1949.**

**1.** Artikel *agt* van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (*e*) van sub-artikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang—

„(*e*) twee persone wat lede is van, en volgens voorskrif van die statute gekies word deur, die voltydse doserende personeel wat goedgekeurde pensioendraende poste beklee en nie professore is nie: Met dien verstande dat een van die twee gekose lede 'n senior lektor moet wees."

**Vervanging van artikel 12 van Wet 21 van 1949.**

**2.** Artikel *twaalf* van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Fakulteite. **12.** (1) Aan die Universiteit is daar fakulteite van lettere en wysbegeerte, sosiale wetenskappe, natuurwetenskappe, opvoedkunde, regsgeleerdheid, ekonomiese en administratiewe wetenskappe, landbou, en sodanige ander fakulteite of departemente as wat die Raad, met die goedkeuring van die Minister en onderworpe aan die statute, van tyd tot tyd bepaal.

(2) Die Raad kan, na oorleg met die Senaat, 'n fakulteit of departement afskaf."

**Vervanging van artikel 13 van Wet 21 van 1949, soos gewysig deur artikel 29 van Wet 61 van 1955.**

**3.** Artikel *dertien* van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Aanstelling van doserende personeel. **13.** Die professore, lektore en ander dosente van die Universiteit word deur die Raad aangestel na oorleg met die Senaat of 'n komitee daarvan wat vir dié doel deur die Senaat aangestel is."

**Wysiging van artikel 17 van Wet 21 van 1949.**

**4.** Artikel *sewentien* van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde „na oorleg met" oral waar hulle voorkom te vervang deur die woorde „op aanbeveling van".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 29, 1962.]

# PRIVATE ACT

**To amend the University of the Orange Free State (Private) Act, 1949.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 13th March, 1962.)*

**Preamble.**

WHEREAS the University of the Orange Free State, (hereinafter referred to as the University), was incorporated by the University of the Orange Free State (Private) Act, 1949 (Act No. 21 of 1949), which Act was amended by the Universities Act, 1955 (Act No. 61 of 1955), and the University of the Orange Free State (Private) Act Amendment Act, 1959 (Act No. 36 of 1959), (the said Act No. 21 of 1949, as amended, being hereinafter referred to as the principal Act):

AND WHEREAS for the better administration and conduct of the University it is desirable to amend the principal Act so as:—

(*a*) to provide that there shall be two persons (one of whom shall be a senior lecturer) on the Senate of the University who shall be members of, and chosen as prescribed by the statutes by, the full-time teaching staff who occupy approved pensionable posts and who are not professors;

(*b*) to provide for the establishment of faculties of arts, social science, natural science, education, law, economic and administrative sciences, agriculture, and such other faculties or departments as the Council with the approval of the Minister may determine;

(*c*) to provide that the Council may, after consultation with the Senate, abolish a faculty or department;

(*d*) to provide that the teaching staff shall be appointed by the Council after consultation with the Senate or a committee thereof;

(*e*) to provide that a degree *honoris causa* without examination shall be conferred only on the recommendation of the Senate; and

(*f*) to provide for the amendment of section *thirty-three* of the principal Act by the substitution in the Afrikaans version thereof for the word "daaroor" of the word "oor":

BE IT THEREFORE ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 8 of Act 21 of 1949.**

**1.** Section *eight* of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (*e*) of sub-section (1) of the following paragraph—

"(*e*) two persons who shall be members of, and chosen as prescribed by the statutes by, the full-time teaching staff who occupy approved pensionable posts and who are not professors: Provided that one of the two chosen members shall be a senior lecturer."

**Substitution of section 12 of Act 21 of 1949.**

**2.** The following section is hereby substituted for section *twelve* of the principal Act:

"Faculties. **12.** (1) At the University there shall be faculties of arts, social science, natural science, education, law, economic and administrative sciences, agriculture, and such other faculties or departments as the Council, with the approval of the Minister and subject to the statutes, may from time to time determine.

(2) The Council may after consultation with the Senate abolish any faculty or department."

**Substitution of section 13 of Act 21 of 1949, as amended by section 29 of Act 61 of 1955**

**3.** The following section is hereby substituted for section *thirteen* of the principal Act:

"Appointment of teaching staff. **13.** The professors, lecturers and other teachers of the University shall be appointed by the Council after consultation with the Senate or a committee thereof appointed by the Senate for that purpose."

**Amendment of section 17 of Act 21 of 1949.**

**4.** Section *seventeen* of the principal Act is hereby amended by the substitution for the words "after consultation with" wherever they occur of the words "on the recommendation of".

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**Wysiging van artikel 33 van Wet 21 van 1949, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 36 van 1959.**

**5.** Artikel *drie-en-dertig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in die Afrikaanse teks daarvan die woord „daaroor" te vervang deur die woord „oor".

**Kort titel.**

**6.** Hierdie Wet heet die Private Wysigingswet op die Private Wet op die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1962.

---

No. 28, 1962.]

# WET

**Tot wysiging van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op* 13 *Maart* 1962.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Vervanging van artikel 77 van Wet 32 van 1961.

**1.** Artikel *sewe-en-sewentig* van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, word hierby deur die volgende artikel vervang—

„Wyse van stemming vir provinsiale uitvoerende komitees.

77. (1) Lede van die uitvoerende komitee van 'n provinsie word by meerderheidstem gekies en elke kieser het een nie-oordraagbare stem vir elke lid van daardie komitee wat verkies moet word.

(2) Indien twee of meer persone wat by die verkiesing van lede van 'n uitvoerende komitee kandidate vir dieselfde setel is, dieselfde getal stemme ontvang, word 'n her-verkiesing van 'n lid vir bedoelde setel onverwyld gehou volgens daardie beginsel van proporsionele verteenwoordiging waarvolgens elke kieser een oordraagbare stem het, en indien bedoelde persone by so 'n her-verkiesing weer dieselfde getal stemme ontvang, word een van bedoelde persone, wat deur loting bepaal word, geag as lid vir daardie setel verkies te wees.

(3) Die Staatspresident kan regulasies uitvaardig aangaande die verkiesing van lede van die uitvoerende komitee van 'n provinsie ingevolge hierdie artikel, met inbegrip van regulasies aangaande die pligte van kiesbeamptes in verband met sodanige verkiesings en aangaande die loting in die omstandighede in sub-artikel (2) beoog.".

Kort titel en inwerkingtreding.

**2.** Hierdie Wet heet die Wet op Provinsiale Uitvoerende Komitees, 1962, en geld ten opsigte van alle verkiesings van lede van die uitvoerende komitee van 'n provinsie volgende op die eerste algemene verkiesing van provinsiale raadslede na die datum van afkondiging van hierdie Wet.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



5. Section *thirty-three* of the principal Act is hereby amended by the substitution in the Afrikaans version thereof for the word "daaroor" of the word "oor". **Amendment of section 33 of Act 21 of 1949, as amended by section 2 of Act 36 of 1959.**

6. This Act shall be called the University of the Orange Free State (Private) Act Amendment (Private) Act, 1962. **Short title.**

No. 28, 1962.]

# ACT

**To amend the Republic of South Africa Constitution Act, 1961.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 13th March,* 1962.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. The following section is hereby substituted for section *seventy-seven* of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961: **Substitution of section 77 of Act 32 of 1961.**

"Method of voting for provincial executive committees. 77. (1) Members of the executive committee of a province shall be elected by majority vote, each voter having one non-transferable vote for every member of that committee to be elected.

(2) If two or more persons who at any election of members of an executive committee are candidates for the same seat, receive the same number of votes, a re-election of a member for that seat shall be held forthwith according to that principle of proportional representation according to which each voter has one transferable vote, and if at such re-election the said persons again receive the same number of votes, one of the said persons to be determined by the drawing of lots shall be deemed to have been elected as the member for that seat.

(3) The State President may make regulations in regard to the election of members of the executive committee of a province under this section, including regulations in regard to the duties of returning officers in connection with such elections and in regard to the drawing of lots under the circumstances contemplated in sub-section (2).".

2. This Act shall be called the Provincial Executive Committees Act, 1962, and shall apply in respect of all elections of members of the executive committee of a province following the first general election of provincial councillors after the date of promulgation of this Act. **Short title and commencement.**

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 30, 1962.]

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op* 13 *Maart* 1962.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 51 van 1951, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 47 van 1956.**

**1.** Artikel *een* van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—
(*a*) deur die omskrywing van „adviserende komitee" te skrap;
(*b*) deur die omskrywing van „Unie" deur die volgende omskrywing te vervang:
„ ‚Republiek' ook die gebied Suidwes-Afrika;".

**Wysiging van artikel 3 van Wet 51 van 1951, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 47 van 1956.**

**2.** Artikel *drie* van die Hoofwet word hierby gewysig—
(*a*) deur in paragraaf (*a*) van sub-artikel (6) na die woord „Accountants" die woorde „of 'n ander liggaam wat rekenmeesters en ouditeurs in die Federasie van Rhodesië en Niassaland verteenwoordig" in te voeg;
(*b*) deur in paragraaf (*b*) van genoemde sub-artikel na die woord „Society" die woorde „of liggaam" in te voeg.

**Wysiging van artikel 10 van Wet 51 van 1951, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 47 van 1956.**

**3.** Artikel *tien* van die Hoofwet word hierby gewysig—
(*a*) deur in die voorbehoudsbepaling by sub-artikel (2) na die woorde „afgeneem is" die woorde „of die bevoegdheid oorgedra het om te bepaal of iemand as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer moet word al dan nie, of die bevoegdheid oorgedra het om die registrasie van enigiemand as rekenmeester en ouditeur te kanselleer," in te voeg;
(*b*) deur die volgende sub-artikel aan die end daarvan by te voeg:
„(3) 'n Verwysing in hierdie Wet na die raad met betrekking tot die uitoefening van 'n bevoegdheid wat die raad aan 'n komitee oorgedra het, word uitgelê ook as 'n verwysing na daardie komitee.".

**Herroeping van artikels 13 tot 20 van Wet 51 van 1951.**

**4.** Artikels *dertien* tot en met *twintig* van die Hoofwet word hierby herroep.

**Wysiging van artikel 21 van Wet 51 van 1951, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 47 van 1956.**

**5.** Artikel *een-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in paragraaf (*g*) van sub-artikel (1) na die woord „register" die woorde „beperkte, tydelike of permanente onbevoegdverklaring vir registrasie" in te voeg.

**Wysiging van artikel 23 van Wet 51 van 1951, soos gewysig deur artikel 8 van Wet 47 van 1956 en artikel 1 van Wet 64 van 1957.**

**6.** Artikel *drie-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig—
(*a*) deur in paragraaf (*e*) van sub-artikel (3) die woorde „adviserende komitee of die" en aan die end van genoemde paragraaf die woord „of" te skrap;
(*b*) deur paragraaf (*f*) van sub-artikel (3) te skrap;
(*c*) deur in paragraaf (*a*) van sub-artikel (4) die uitdrukking „of (*f*)" te skrap;
(*d*) deur in paragraaf (*b*) van sub-artikel (4) al die woorde na die woord „toelaat" waar dit die eerste keer voorkom, te skrap;
(*e*) deur aan die end van paragraaf (*c*) van sub-artikel (6) die woord „of" by te voeg;
(*f*) deur na genoemde paragraaf (*c*) die volgende paragraaf in te voeg:
„(*d*) indien hy ingevolge 'n kragtens hierdie Wet opgelegde straf onbevoeg is om geregistreer te word;";
(*g*) deur in sub-artikel (6) na die woorde „aangegaan het" die woorde „of wat hom skuldig gemaak het aan gedrag as gevolg waarvan hy na die oordeel van die raad nie 'n geskikte persoon is om geregistreer te word nie" in te voeg;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 30, 1962.]

# ACT

**To amend the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951.**

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 13th March,* 1962.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

**1.** Section *one* of the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the deletion of the definition of "advisory committee";

(*b*) by the insertion after the definition of "public practice" of the following definition:

"'Republic' includes the territory of South-West Africa;";

(*c*) by the deletion of the definition of "Union".

Amendment of section 1 of Act 51 of 1951, as amended by section 1 of Act 47 of 1956.

**2.** Section *three* of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the insertion in paragraph (*a*) of sub-section (6) after the word "Accountants" of the words "or any other body representing accountants and auditors in the Federation of Rhodesia and Nyasaland";

(*b*) by the insertion in paragraph (*b*) of the said sub-section after the word "Society" of the words "or body".

Amendment of section 3 of Act 51 of 1951, as amended by section 2 of Act 47 of 1956.

**3.** Section *ten* of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the insertion in the proviso to sub-section (2) after the word "*twenty-five*" of the words "or the power to determine whether or not any person shall be registered as an accountant and auditor, or the power to cancel the registration of any person as an accountant and auditor,";

(*b*) by the addition of the following sub-section at the end thereof:

